# OFFICIAL GAZETTE

**EXTRAORDINARY**

OF SOUTH WEST AFRICA

**BUITENGEWONE**

# OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

PUBLISHED BY AUTHORITY | UITGAWE OP GESAG

30c | Tuesday 10 September 1985 | WINDHOEK | Dinsdag 10 September 1985 | No. 5094


CONTENTS:


Page

**GOVERNMENT NOTICE:**

No. 52 Promulgation of Peri-Urban Development Board Amendment Act, 1985 (Act 5 of 1985), of the National Assembly. 1


INHOUD:


*Bladsy*

**GOEWERMENTSKENNISGEWING:**

No. 52 Afkondiging van Wysigingswet op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1985 (Wet 5 van 1985), van die Nasionale Vergadering. 1


## Government Notice

DEPARTMENT OF GOVERNMENTAL AFFAIRS

No. 52 1985

PROMULGATION OF ACT OF NATIONAL ASSEMBLY

The following Act, which has been adopted by the National Assembly and signed by the Administrator-General in terms of the South West Africa Legislative and Executive Authority Establishment Proclamation, 1985 (Proclamation R.101 of 1985), is hereby published in terms of section 18 of that Proclamation: —

No. 5 of 1985: Peri-Urban Development Board Amendment Act, 1985.

## Goewermentskennisgewing

DEPARTEMENT VAN OWERHEIDSAKE

No. 52 1985

AFKONDIGING VAN WET VAN NASIONALE VERGADERING

Die volgende Wet, wat ingevolge die Proklamasie op die Instelling van Wetgewende en Uitvoerende Gesag vir Suidwes-Afrika, 1985 (Proklamasie R.101 van 1985), deur die Nasionale Vergadering aangeneem en deur die Administrateur-generaal onderteken is, word hierby afgekondig ingevolge artikel 18 van daardie Proklamasie: —

No. 5 van 1985: Wysigingswet op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1985.

Act No. 5, 1985

## PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT ACT, 1985

*(Afrikaans text signed by the Administrator-General on 20 August 1985)*

# ACT

To amend the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970, so as to replace a certain obsolete designation; to provide for the establishment of a medical aid scheme for officers and employees of the Peri-Urban Development Board; and to empower the registrar of deeds to endorse title deeds of immovable property which passes, under that Ordinance, to the Board at the abolition of municipalities or village management boards; and to provide for incidental matters.

BE IT ENACTED by the National Assembly, as follows:-

Amendment of section 12 of Ordinance 19 of 1970, as amended by section 4 of Ordinance 10 of 1972.

1. Section 12 of the Peri-Urban Development Board Ordinance, 1970 (hereinafter referred to as the Ordinance), is hereby amended by the substitution for subsection (2) of the following subsection:

" (2) Subject to the provisions of the Pension Funds Act, 1956 (Act 24 of 1956), the board may with the approval of the Cabinet -

(a) establish any pension, provident or benevolent fund and out of the revenues of the board contribute to such fund for the purpose of making grants to or providing pensions for its officers and employees upon retirement, their widows, orphans and other dependants, and the board may agree with any other local authority or other local authorities to establish an united pension, provident or benevolent fund for the benefit of the officers and employees of any of those local authorities.;

(b) enter into an agreement with an insurance company for the payment of pensions, gratuities or benefits to such officers and employees;

(c) grant gratuities by way of monthly payments or otherwise to such officers and employees out of any such pension, provident or benevolent fund.".

**WYSIGINGSWET OP DIE RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING, 1985** **Wet No. 5, 1985**

*(Afrikaanse teks deur die Administrateur-generaal onderteken op 20 Augustus 1985)*

# WET

**Tot wysiging van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970, ten einde 'n sekere verouderde benaming te vervang; voorsiening te maak vir die instelling van 'n mediese hulpskema vir beamptes en werknemers van die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling; en die registrateur van aktes die bevoegdheid te verleen om titelbewyse van onroerende goed te endoseer wat by die afskaffing van munisipaliteite of dorpsbesture kragtens daardie Ordonnanie op die Raad oorgaan; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Nasionale Vergadering, soos volg:-

Wysiging van artikel 12 van Ordonnansie 19 van 1970, soos gewysig deur artikel 4 van Ordonnansie 10 van 1972.

1. Artikel 12 van die Ordonnansie op die Raad vir Buitestedelike Ontwikkeling, 1970 (hieronder die Ordonnansie genoem), word hierby gewysig deur subartikel (2) deur die volgende subartikel te vervang:

" (2) Behoudens die bepalings van die Wet op Pensioenfondse, 1956 (Wet 24 van 1956), kan die raad met die goedkeuring van die Kabinet -

(a) enige pensioen-, ondersteunings- of liefdadigheidsfonds instel en uit die inkomste van die raad tot sodanige fonds bydra met die doel om toekennings te betaal of pensioene te verskaf aan sy beamptes en werknemers by aftreding, hul weduwees, weeskinders en ander afhanklikes, en die raad kan met enige ander plaaslike bestuur of ander plaaslike besture ooreenkom om 'n verenigde pensioen-, ondersteunings- of liefdadigheidsfonds in te stel ten voordele van die beamptes en werknemers van enige van daardie plaaslike besture;

(b) 'n ooreenkoms met 'n versekeringsmaatskappy aangaan vir die betaling van pensioene, gratifikasies of voordele aan sodanige beamptes en werknemers;

(c) uit enige sodanige pensioen-, ondersteunings- of liefdadigheidsfonds gratifikasies by wyse van maandelikse betalings of andersins aan sodanige beamptes en werknemers toeken.".

## PERI-URBAN DEVELOPMENT BOARD AMENDMENT ACT, 1985

Amendment of section 36 of Ordinance 19 of 1970, as substituted by section 1 of Ordinance 7 of 1978.

2. Section 36 of the Ordinance is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsection:

" (2)*bis* The registrar of deeds shall upon production to him of the title deed of any immovable property which passes, under subsection (2), to the board, endorse without payment of any fees or charges the relevant title deed to the effect that the immovable property described therein vests in the board, and shall make the necessary entries in his registers, and thereupon that title deed shall serve and avail for all purposes as proof of the title of the board to the property concerned.".

Amendment of section 40 of Ordinance 19 of 1970, as amended by section 10 of Ordinance 10 of 1972.

3. Section 40 of the Ordinance is hereby amended by the addition to subsection (5) of the following paragraph:

" (e) (i) the establishment and management of and control over a medical aid scheme;

(ii) the classes of officers or employees who may become members of such a scheme;

(iii) the scales according to which contributions are to be made to such a scheme;

(iv) the rights, privileges and obligations of the members of such a scheme; and

(v) generally all matters reasonably necessary for the regulation and operation of such a scheme, including the circumstances, manner in which and conditions under which contributions and any other moneys which are payable or owing to such a scheme by or in respect of officers or employees in terms of such a scheme, may be recovered from the remuneration or other money owing to such officers or employees under this Ordinance;".

Short title and commencement.

4. This Act shall be called the Peri-Urban Development Board Amendment Act, 1985, and the provisions of sections 1 and 2 shall be deemed to have come into operation on 1 April 1984.

**WYSIGINGSWET OP DIE RAAD VIR BUITESTEDELIKE ONTWIKKELING, 1985** **Wet No. 1985**

2. Artikel 36 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur na subartikel (2) die volgende subartikel in te voeg:

Wysiging van artikel 36 van Ordonnansie 19 van 1970, soos vervang deur artikel 1 van Ordonnansie 7 van 1978.

" (2)*bis* By die voorlegging aan die registrateur van aktes van die titelbewys van enige onroerende goed wat kragtens subartikel (2) op die raad oorgaan, endosseer hy sonder betaling van enige gelde of koste die betrokke titelbewys ten effek dat die onroerende goed wat daarin beskryf word, by die raad berus, en maak hy die nodige inskrywings in sy registers, en daarop dien en geld daardie titelbewys vir alle doeleindes as bewys van die titel van die raad op die betrokke goed.".

3. Artikel 40 van die Ordonnansie word hierby gewysig deur by subartikel (5) die volgende paragraaf te voeg:

Wysiging van artikel 40 van Ordonnansie 19 van 1970, soos gewysig deur artikel 10 van Ordonnansie 10 van 1972.

" (e) (i) die instelling en bestuur van en beheer oor 'n mediese hulpskema;

(ii) die klasse beamptes of werknemers wat lede van so 'n skema kan word;

(iii) die skale waarvolgens bydraes tot so 'n skema gemaak moet word;

(iv) die regte, voorregte en verpligtinge van die lede van so 'n skema; en

(v) in die algemeen alle aangeleenthede wat redelikerwys nodig is vir die reëling en werking van so 'n skema, met inbegrip van die omstandighede, wyse en voorwaardes waaronder en waarop bydraes en ander gelde wat deur of ten opsigte van beamptes of werknemers ingevolge so 'n skema betaalbaar of verskuldig is, op sodanige beamptes of werknemers se besoldiging of ander gelde wat kragtens hierdie Ordonnansie aan hulle betaalbaar is, verhaal kan word;".

4. Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Raad vir Buitestedelike ontwikkeling, 1985, en die bepalings van artikels 1 en 2 word geag op 1 April 1984 in werking te getree het.

Kort titel en inwerkingtreding.